

merke wat deur koeëls veroorsaak is, aan die voorkant van die gebou gekry.

MR. BROWDE : My Lord, I do not want to interrupt My Learned Friend and I certainly do not want to put anything into the mouth of this witness, but it is not as clear cut as that. I would not even tell Your Lordship what he said. I would like Your Lordship to look for example at page 498, the centre of the page. Your Lordship will see what I am getting at. Colonel Strydom does not say exactly what My Learned Friend says. He says for example ... (Court (10 intervenes)

COURT : Volume what?

MR. BROWDE : Volume 13. Your Lordship will see this is a matter for argument.

COURT : Yes, it is not going to be of any assistance to the cross-examiner or the Court if this be thrashed out. I am adjourning for a few moments. I will see both you counsel in my chambers alone and then we can thrash this matter out.

WITNESS STANDS DOWN.

(20

COURT ADJOURNS.

COURT RESUMES.

NAPHTALI MANANA, still under oath

HOF : Op die oorkonde staan dat ons verdaag het. Dit bly net so staan. Julle sal julle probleme later oplos en dit aan my oordra wat julle besluit het om te doen, mnr. Jansen.

MNR. JANSEN : Soos dit u behaag. Ek sal die aangeleentheid 'n bietjie anders hanteer as wat ek dit gedoen het voor die verdaging.

HOF: Ja, u kan aangaan, maar daardie aspek moet oorstaan.(30

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN (vervolg) : Dit is nou

... / baie

baie duidelik, sê u, u het ten minste drie-en-twintig skote geskiet? -- Ja, dit is so.

En op die getuienis van kolonel Stadler - ekskuus, kolonel Strydom, het beskuldigde nr. 2 en Lungile saam drie-en-dertig skote geskiet? -- Ja, dit is wat hy daar gevind het.

En as daar meer as drie-en-dertig merke gevind is wat veroorsaak is deur koeëls, kan u 'n verduideliking gee waar daardie ander merke vandaan kom of waar daardie ander skote vandaan gekom het? -- Na my mening, sover ek(10 die ding kan sien, dit gebeur dat as jy 'n skoot afvuur met 'n AK, sal die doppie ook uitskiet en nie sommer daar voor jou neerval nie. Met die gevolg dat dit kan gebeur dat daar van die doppies vermis word tot nou toe wat nog nie gevind is nie.

Ek sal die Hof vra om kolonel Strydom terug te roep, dan kan ons die aspekte 'n bietjie opklaar. Jy sê jy kan nie verklaar as kolonel Strydom se getuienis soos hier aangebied, korrek is, wie het die ander skote geskiet nie? MNR. BROWDE : Hy sê nie so nie. Hy sê daar mag doppies (20 wees wat nou verlore is tot vandag.

MNR. JANSEN : Nou goed, dan, op 'n verdere veronderstelling dat al die doppies gekry is. -- Ek is bevrees, ek sal nie in staat wees om dit te verduidelik nie, want as 'n persoon nou tot die slotsom kom dat daar drie-en-dertig skote gevuur was deur die persone op die werf en daar is meer as drie-en-dertig merke aan die muur en die persoon besluit dus daar is meer wat geskiet was, maar hy kan nie daardie doppies kry nie, sal ek dit nie kan verduidelik nie.

Ek dink ook nie jy sal dit kan verduidelik nie. (30 Daar waar jy gestaan het kon jy baie duidelik jou twee

... / kamerade

kamerade sien hoe hulle beweeg het en die polisiestasie genader het? -- Ek het hulle laas presies gesien toe hulle die klein hekkie binnegegaan het. Die verdere bewegings van hulle binne op die werf, kan ek nie sê nie.

Maar die twee was mos nou tussen jou en die lig gewees? -- Ek het nie regop gestaan nie. Ek het half gebukkend daar gestaan. "I was in a prone position." Met die gevolg, ek kon nie ver gesien het nie. Ek kon net 'n kort afstand gesien het. Ek sou nie presies kon gesien het wat maak hulle op 'n sekere distansie nie. (10

Wat is die posisie wat jy sê wat jy in gewees het? Verduidelik vir die Hof dit? -- Die posisie kan ek soos volg beskryf. Ek het op my maag gelê met my elmboog in die grond om net my kop alleen hoog te hou.

Hoekom moes jy dit gedoen het? -- Dit is sekere instruksies van die militêre. Daar is sekere dinge wat 'n mens moet doen op 'n sekere stadium en met 'n sekere optrede moet jy in 'n sekere posisie wees. Dit wil sê staan of lê, wat ook al die posisie mag wees.

Ja, maar hoekom moes jy die aand gelê het daar? -- (20 Ek het dit op my eie besluit dat dit nou die plek en tyd is wat ek in daardie posisie moet wees.

Maar ek vra vir jou hoekom? -- Omdat ek tot daardie besluit gekom het dat dit nou die tyd is, 'n gerieflike tyd, om dit te doen.

Nou maar ek vra vir jou hoekom dink jy was dit die plek en die tyd daarvoor gewees? -- Nee, ek het net gevoel en besef dit is nou die tyd dat ek moet gaan lê.

Maar ek wil weet hoekom het jy so besluit? -- As ek nou so kan verduidelik. Daar was geen rede vir my dat (30 ek dit moes gedoen het nie. Dit was my eie besluit dat

... / ek

ek nou daar moet gaan lê en toe het ek gaan lê.

Wou jy vir iemand weggekruip het? -- Ek sou oorspronklik aan die begin op u vraag gesê het ek wou vir iemand weggekruip het, maar omrede dit nie die doel was nie, is hoekom ek die ding verduidelik het dat ek besluit het om te gaan lê en toe het ek gaan lê.

K132

Van watter rigting het die kar vandaan gekom? Dit was nie vir my netnou baie duidelik toe jy verduidelik het nie?-- Die rigting van S na W toe.

So, van agter jou rug? -- Ja.

(10

Op watter stadium het hy aangekom? Wat het beskuldiges nrs. 2 en 3 gedoen op die stadium wat die kar aangekom het? -- Nrs. 2 en 3?

Ekskuus, beskuldigde nr. 2 en Lungile? -- Dit is na die skote afgevuur was en na die ontploffings van die twee handgranate. Dit is eintlik op hierdie stadium wat ek kon hoor dat die geklap van die vuurwapens 'n bietjie ver is. Dit is waar ek toe besef het dat die mense besig was om weg te gaan. Toe het daardie ligte daar geskyn.

So, die aanval was al afgeweer? Afgehandel gewees?(20 -- Ja.

Toe was die gevaarzone nie meer daar nie? -- Gevaar hoe?

Nee, daar was mos nou 'n gevaarzone gewees, die "operational area". Dit is 'n gevaarzone wat jy moes beskerm? -- Nee, dit was nog gevaarlik.

Het beskuldigde nr. 2 en Lungile nie opgehou skiet nie? -- Wat gebeur het, is nadat ek opgestaan het waar ek nou hoor dat die mense staak nou die vuur, het ek die ligte gesien wat geskyn het. Dit is toe dit net ophou (30 met die staking van vuur, dat ek begin vuur het nadat ek

... / daardie

daardie ligte gesien het.

Hoekom was dit nodig om toe te vuur? -- Om hierdie voertuig te laat omdraai en terug te laat gaan vanwaar hy gekom het.

Hoekom moes hy omdraai en teruggaan? -- Omdat ek gevoel het die persoon van die voertuig kan ons in die gevaar stel, in die sin dat die persoon het moontlik gehoor die skote wat afgevuur is. Die persoon kom nou met die oog daarop om ondersoek in te stel. Dan sal die persoon ons voertuig sien en die registrasienommer van (10 ons voertuig neem. Dit kan ons in die moeilikheid laat beland. Dit was dus met die oog daarop om dit te vermy, dat hy moet terugdraai.

So, jy dink dat 'n persoon wat kom, nadat daar in die eerste instansie 'n klomp skote geskiet is, en besluit om te kom ondersoek instel, hy sal nou vlug as hy hoor daar word nog steeds geskiet? -- Nee, ek het alreeds gesê die ander skote van die vuurwapens het ver geklap en met die doel dat hy nou moet besef daar is iemand nog naby, het ek geskiet. Hy moes besef het daar is iemand naby en (20 nie net daardie mense wat ver skiet nie.

So, jou vrees was daardie persoon sou julle bakkie se registrasienommer sien? -- Ja, en ons in die gevaar kry.

Ja, maar mnr. Montle weet mos sy bakkie se nommer? Hy sou dit mos vir die polisie in elk geval gee. Wat se redenasie is dit nou met jou dat jy die bakkie se nommer wil wegsteek? Dit is mos nie 'n onbekende bakkie nie? -- Wat ek daarby bedoel het, is, hierdie voertuie het nou lugdrade, dit is kommunikasie. Dit is voertuie in die (30 algemeen. Ek het gedink dit is 'n moontlikheid dat daardie

... / voertuig

voertuig wat aankom, ook 'n radio het en daardie persoon kon deur middel van die radio met die polisie in aanraking kom en vir hulle sê dat voertuig so en so met so 'n registrasienommer ry in hierdie rigting. Dan sal die polisie mos weet om met daardie pad te ry en hom te gaan keer. Met die gevolg dat dit vir my nodig was om daardie persoon te laat terugdraai.

So, jy het aan al hierdie goed gedink toe jy daardie skote afgevuur het? -- Ja, want ek was koel gewees.

Voor hierdie aanval op die polisiestasie, het jy (10 dit ooit oorweeg dat iemand sou kon seerkry in die aanval? -- Nee, dit het nog nie in my gedagte gekom nie, omrede ons die ding beplan het en volgens die beplanning, moes niemand beseer gewees het nie en tweedens, die verkenning was juis die rede om beserings aan mense te vermy.

Jy het nie gedink iemand kan beseer raak in die aanval nie, hetsy julle self of van die polisiemanne? -- Daar sou niemand beseer gewees het nie, maar die moontlikheid dat 'n persoon daar beseer kon word, kon nie uitgeskakel word nie, maar nie by die toneel waar die aanval nou (20 uitgevoer word nie. Dit kon gebeur het terwyl ons miskien nou die plek verlaat het, dat daar polisie miskien kan wees wat aankom en per abuis kon iemand beseer gewees het.

So, julle het dit voorsien dat persone beseer kon raak? -- Dit is reeds wat ek sê, dit was 'n moontlikheid. Byvoorbeeld, ons is nou klaar met die opdrag van ons en die uitvoering van die aanval en hier word ons nou deur die polisie gevolg of die mense gevolg wat ons vaskeer in 'n hoek. Ons sal nie met ons vuurwapens staan en (30 hulle onder toe hou nie, dit wil sê grond toe laat wys

... / nie

nie. Ons sal ook maar die vuurwapens gebruik om onself daar los te kry, dat ons kan vlug.

Het julle nooit besef dat die twee persone in die polisiestatie, die twee beamptes daar beseer kon raak nie? -- Nee, dit is na aanleiding van ons verkenning wat ons daar gedoen het.

Nou goed, nou is hier twee mense. Julle het geweet daar gaan twee polisiemanne wees, nie waar nie? -- Ja, dit is so.

En julle skiet met baie gevaarlike dodelike wapens (10 op die polisiestatie waar die mense in was? -- In die eerste plek, met ons aankoms daar was die persone nie binne-in die polisiestatie nie. Die skote was daar in die lug geskiet. As dit ons bedoeling was om daardie mense dood tesskiet, sou ons hulle maklik doodgeskiet het, maar omrede dit nie ons bedoeling was nie, het ons dit nie gedoen nie.

Dit is nie my vraag nie. My vraag is, julle skiet hier na 'n gebou waar mense in gewees het. Dit was julle plan gewees om daardie gebou aan te val. Julle sou dode-(20 like wapens gebruik. Ek stel dit aan jou, julle het voorsien dat mense beseer sou kon raak. -- Watter persone?

Die polisiebeamptes, wat die gebou beman? -- 'n Mens moet altyd 'n ding mooi bekyk en 'n mens moet altyd 'n rede kry presies waar het hierdie persoon beseer geword. Was hy in die plek of in die nabyheid van die handgranaat of was hy beseer deur 'n handgranaat wat op hom gegooi was of waar presies was hy en dit was nie ons mening gewees om enigiemand daar te beseer nie. (30

Terwyl jy jou opleiding ontvang het in Angola, het

... / jy

jy geweet waarmee jy besig is, is dinge wat mense doodmaak?

-- Ja, dit is so.

En jy het die heeltyd besef dat as jy terugkom Suid-Afrika toe en hier kom optree saam met die ANC, dan is daar 'n moontlikheid dat iemand beseer kon word? -- Afhangende van die omstandighede waaronder daardie mense gedood of beseer word. Soos ek byvoorbeeld nou net vir die Hof gesê het. Dit kan wees dat ons besig was om die plek te verlaat wat ons aangeval het en ons vlug. Hier word ons agtervolg en vasgekeer in 'n hoek. Dit is waar mense nou beseer kan (10 word, maar nie dat die aanval self mense sal dood of beseer nie, want dit was nie die bedoeling van ons nie.

Net om dit saam te vat, jy het altyd voorsien mense kan gedood word in hierdie optrede, hetsy deur 'n hand-granaat, hetsy deur 'n koeël? -- Ja, as ek nou vasgekeer is in die hoek, is dit moontlik dat dit kan gebeur.

HOF: Nie gedurende die aanval nie? -- Nee.

MNR. JANSEN : Hoekom sê jy so? -- Want ons doel is nie 'n doel van doodmaak nie.

Ek stel dit ook nie dat dit jou primêre doel is om (20 dood te maak nie. Dit is nie 'n stelling wat ek nou aan jou maak nie, maar dat in die uitvoering van julle poging om die Regering omver te werp, het julle voorsien dat mense sal doodgaan in julle operasie? -- Presies. Soos ek nou net verduidelik het, onder watter omstandighede. Wat die omstandighede daar is waar die mense beseer word of gedood word.

Jy was bewus gedurende jou opleiding van die feit dat in ander wêrelddele persone aangehou word as gyselaars? -- Ja.

(30

En dat persone as gyselaars aangehou word ten einde

... / iets

iets van iemand af te pers? -- Ja.

Stem jy saam met beskuldigde nr. 1 as hy sê dat die ANC baie graag vir Nelson Mandela asook ander sogenaamde politieke gevangenes vrygelaat wou kry? -- Ja, ons wil dit graag so hê. Dit is so.

Stem jy saam met die volgende stelling wat verskyn in die Sechaba, Augustus/September 1975 wat ingehandig is as deel van BEWYSSTUK B op bladsy 75 van die bewysstuk? "The campaign to release political prisoners should be linked to the general struggle to free ourselves from White domination and to build a free and democratic non-racial South Africa." -- Wie is die skrywer daarvan? Is dit die ANC? (10)

Ja, dit is in die Sechaba, die ANC-mondstuk? -- Kyk, ek hoor van u dat die Sechaba die mondstuk is van die ANC en wat u nou daar gelees het kom uit die Sechaba. In die eerste plek, ek weet nie eers wie is die skrywer daarvan nie, wie is die verslaggewer nie. Wat ek nou kan sê is dat wat ek opgelei was, sal ek in staat wees om op te antwoord. (20)

Maar ek vra net, stem u saam met hierdie stelling? -- Eintlik klop dit met die dinge waarin ek opgelei was.

Na afhandeling van die aanval op die Soekmekaar polisiestasie, het u die wapens teruggegee aan beskuldigdes nrs. 1 en 2? -- Nie onmiddellik na die aanval nie. Ons is weg elkeen met sy vuurwapen tot op Tzaneen waar ons toe die wapens aan hulle gegee het om dit te gaan wegsteek.

Net terloops, hoeveel koeëls vat een magasyn van 'n AK? -- Dertig.

Jy was beseer gewees gedurende die aanval op Soek- (30 mekaar polisiestasie? -- Nee, ek was nie beseer nie. My

... / voete

voete het opgeswel. Die opswelling van voete, beteken nie dat 'n mens beseer is nie.

Dit is al wat ek wou weet. Wat was fout met jou voete?
-- Hulle was opgeswel gewees.

Waarvan? -- Eintlik is dit 'n ou siekte van my. Voor ek hierdie land verlaat het al, het ek daardie siekte gehad van swelling van voete.

As beskuldigde nr. 1 in sy verklaring sê "George se voete was beseer gewees. Ons was bang om dokter toe te gaan," verwys hy daar ook na die swelsel aan jou voete?(10
-- Ja.

U Edele, ek het my kruisverhoor van die getuie afgehandel behalwe vir die aspekte wat ek reeds aangedui het omtrent die merke aan die polisiestasie. Mag ek dan vra dat sy getuienis oorstaan? Ek sal 'n poging aanwend om, indien dit u goedkeuring wegdra, te kyk of ons kolonel Strydom môre hier kan hê.

HOF: Ek sal dit toelaat. Mnr. Browde het nie beswaar daarteen nie.

RE-EXAMINATION BY MR. BROWDE : When you got your instruc-(20 tions from the headquarters in Maputo, to carry out the mission, you told His Lordship you were told to be careful not to injure people? -- That is so.

Was that something new to you or was it something you learnt in your training? -- I was in fact taught this during the training as well.

Purely as a matter of interest in regard to the number of shells - the number of bullets that were fired that night, did you in the unit keep an inventory, did you know how many shots were fired by the people after- (30 wards or do you not know? -- Unfortunately I do not know.

All I can tell this Court about is, the bullets I fired myself.

You were asked to comment on something from Sechaba and you said that one of the things that the ANC would like to bring about, is the release of all political prisoners? -- That is so.

In obtaining the release of political prisoners including Nelson Mandela, would it be consistent with what you were brought up to believe in the ANC that for that purpose indiscriminate violence could be used against (10 lay people, for example? -- No.

As far as you are aware, has there ever been an attack what you know of on lay people? I am talking now of members of the ordinary public, such as were injured and killed in Silverton by the ANC? -- No.

C133

HOF : Jy het my laat verstaan dat as julle vasgekeer word in 'n hoek, sou julle die moontlikheid voorsien het dat mense doodgemaak word en dit is wanneer julle probeer loskom? -- Ja. Byvoorbeeld 'n persoon wat met 'n vuurwapen gewapen is. Ons sal dus ook maar vuurwapens gebruik om (20 van daardie persoon af weg te kom.

Het julle voorsien dat daar miskien 'n polisieman mag wees by hierdie Soekmekaar polisiestasie wat sou uitkom met 'n vuurwapen? -- Ons aanval was so beplan dat dit 'n baie vinnige ding moes wees, onverwags. Voor hulle kan begin dink wat om te doen, moet ons klaar wees en ons is baie ver.

Ja, maar onverwagte dinge gebeur ook. Daar kan net 'n polisieman daar uitkom, ook onverwags. Wat dan? Ek dink nou aan die Blankepolisieman wat daar was, Botha. (30 -- As ek Botha se getuienis goed verstaan het, het Botha

... / daar

daar uitgekom toe ons al lankal weg was.

Wat ek by jou wil tuisbring is, Botha was daar. Dit kon net gewees het dat Botha daar uitgeloop het met 'n geweer. Wat van daardie moontlikheid? -- Volgens ons verkenning het ons twee persone daar verwag. Het daar 'n derde persoon uitgekom of het ons net 'n derde persoon daar in die onmiddellike omgewing gesien nadat ons hierdie twee gesien het, sou ons maar die aanval gelos het en gestaak het vir die aand.

Ja, maar julle verkenning was inderdaad glad nie (10 so goed as wat julle dink nie. Botha was inderdaad daarso. -- Dan sal ek nie weet van Botha nie, want al die ander vertrekke daar was donker gewees, behalwe die aanklagkantoor. Watter kamer hy bewoon het, sal ek nie kan sê nie.

Ja, maar hy was nou inderdaad daar. Kyk, die indruk wat ek kry van jou getuienis is, die volgende: Julle het daar gespioeneer en julle het gevind dat daar net twee mense is en derhalwe kon julle nou maar die aanval loods? -- Ja. (20

Inderdaad was julle spioenasie nie baie goed nie? -- Al die tyd wat ons daarheen gegaan het vir verkenning, was al die ander vertrekke donker gewees, behalwe die aanklagkantoor. Tweedens, daar was net twee polisiebeamptes daar. Die dag met die aanval, dit wil sê die aand van die voorval, was dit nog dieselfde posisie gewees dat al die vertrekke donker was, behalwe die aanklagkantoor. Met die gevolg het ons toe aanvaar dat daar nie 'n ander persoon is nie.

Maar Botha sê dat daar 'n lig gebrand het. Hy was (30 besig om te stort agter. Daar het 'n lig gebrand. Daar

... / was

was 'n lig in sy kamer en hy het daardie lig geneem agter toe. -- Ek het geen ander lig daar gesien nie, behalwe die lig in die aanklagkantoor.

En ek verstaan van Botha dat hy daar gebly het. Hoe is dit dat julle nie geweet het dat hy daar bly nie? -- Met die verkenning wat ons daar gedoen het, het ons net die twee Swartpolisiemanne gesien. Dit het nog nooit gebeur terwyl ons daar was, dat daar 'n ander polisie-man, 'n derde polisie-man, in die omgewing was nie.

In hierdie uitvoering van hierdie aanval op hierdie(10 betrokke polisiestase wat julle mense nie moes beseer het nie, het julle inderdaad iemand beseer? -- Ja, dit is so.

Nou hoe moet ek dit nou verstaan? Dat julle 'n aanval loods en julle loods alleen 'n aanval wanneer mense nie beseer word nie en hier loods julle 'n aanval en mense word beseer. Hoe moet ek dit nou verstaan? -- Soos ek die getuienis hier verstaan het en wat ek gehoor het van my kollegas is dat die ontploffing het plaasgevind nadat die mans gevlug het, dit wil sê in die aanklagkantoor (20 in, want die deur het oop gestaan. Met ander woorde, hy was nie daar beseer nie, maar wel deur die skrapnel raak-geslaan terwyl hy binne-in die aanklagkantoor was en nie buite nie. Dit wil sê hy het al 'n kans gehad om te vlug.

Gee jy te kenne dat so 'n aanval, julle nie voorsien het dat mense beseer kan word nie? -- Ja, want ek sal u sê, daar is geen handgranaat wat in die aanklagkantoor self ontplof het nie. Tweedens, die persoon wat vlak voor die deur was, was 'n baie maklike teiken gewees indien hy hom wou doodgemaak het. Hy sou hom sommer geskiet het (30 daar terwyl hy in die deur ingaan.

Kom ons aanvaar Mashapa se voet het gegly en hy het nie weggehardloop nie, wat dan? Of het hy hom so doodgeskrik vir hierdie geweerskote, dat hy glad nie gehardloop het nie, hy het net daar gebly sit. Wat dan? -- Ek glo, volgens die ding, hoe dit beplan was, dat Lungile nie die handgranaat sou gegooi het nie.

Jy ken wapens? -- Ja.

Het jy al geskiet met 'n AK-47? -- Ja.

Kan jy akkuraat met hom skiet wanneer jy 'n sarsie aftrek? -- Ja. (10)

Skiet hy nie bont nie? -- Ek kan daardie ding beheer. Ek kan hom in een rigting vashou en hom laat wys in een rigting wat ek wil hê.

Dan kan jy so 'n kol raak skiet met daardie dertig patrone, 'n kol so groot soos 'n mens se kop of 'n voetbal? -- Die AK se koeëls slaan nie ver van mekaar af nie, maar ek kan dit beheer sodat 'n mens kan sien dat hy amper net op dieselfde plek ingegaan het, alhoewel dit nie direk op dieselfde plek was nie, maar min of meer op dieselfde plek. Hulle sal baie min uit wees. (20)

So, jy skiet al dertig skote op een gaatjie, die gaatjie is net 'n bietjie groot? -- Wat ek daarby bedoel, hulle sal naby, langs mekaar wees en daar is 'n moontlikheid dat van hulle deur dieselfde gat van die vorige een sal kan deurgaan.

Met ander woorde, jy skiet al dertig in dieselfde gat in. Die gat is maar net 'n bietjie groter. Soos jy nou daar wys omtrent soos 'n halfkroon, 50c? -- Nie dat hulle een gat sal maak van daardie grootte nie. Hulle sal gate maak maar naby mekaar. Kort naby mekaar. (30)

Hoe naby?-- Ek is so goed in die korrel. Ek ken

... / myself

myself. As ek die eerste gat deurgeskiet het, sal die tweede een miskien net 'n bietjie boontoe wees en dan die derde een aan die linkerkant. Dit wil sê in 'n "angle". Dan die res, sal in daardie "angle" wees.

Hoe ver is daardie "angle" van mekaar af? Kyk, jy verstaan tog wat ek vir jou vra? Hoe ver is daardie drie skote wat jy gewys het met jou vinger van mekaar af? -- Soos ek nou aandui.

2 duim x 2 duim? -- Ja.

En dit is nou 'n sarsie, dit is nie mik nie? -- Ek sal een korrel, die eerste een. As ek daardie een geslaan het, weet ek ek het my korrel daar, ek gaan net skiet in 'n sarsie. Nie dat ek altyd moet staan en korrel nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 21 OKTOBER 1980.

- - - - -

K134

HOF HERVAT OP 21 OKTOBER 1980.

MNR. JANSEN : U Edele, ek het gister die Hof versoek om toe te stem dat die kruisverhoor van beskuldigde nr. 3 oorstaan op die een aspek en ek het aangedui dat ek die Hof sal versoek om kolonel Strydom terug te roep op die aspek van die hoeveelheid skote op die gebou. Kolonel Strydom is beskikbaar indien die Hof sal toestem.

HOF : Ja, dit sal beter wees om hom nou te roep.

Anything you want to say, Mr. Browde?

MR. BROWDE : No, My Lord, I think that is a good idea. (10

SAREL JOHANNES STRYDOM, v.o.e.

MR. BROWDE : My Lord, I did not cross-examine the Colonel about certain aspects of the matter, that it is now necessary for him to be re-called. I do not know whether Your Lordship wants me to put the questions. I am perfectly happy to do that.

COURT : I think the State must put the questions. I am not putting the questions and if the State puts no questions, then the Colonel goes back. I will give you an opportunity to cross-examine him and if there is anything (20 I want to clear up, I will put questions.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN : Kolonel, u het toe u getuig het hier in die hof toentertyd melding gemaak van 'n hoeveelheid merke wat u gevind het op die betrokke geboue by Soekmekaar polisiestasie, as synde merke, volgens u mening, veroorsaak deur koeëls? -- Dit is reg.

Kan u aan die Hof meedeel hoeveel merke u aan die voorkant van die gebou gevind het wat, volgens u mening, veroorsaak was deur koeëls? -- Een-en-twintig.

Waarop het u u bevinding gebaseer dat dit koeël- (30 merke is? -- Volgens gate wat in die muur gemaak was, gate

... / wat

wat in die vensterruite was.

U het BEWYSSTUK K daar voor u? -- Ek het hom voor my.

As u kyk na foto's 44, 45, 46? -- Ek het hulle voor my.

Daar is gate in die vensters? -- Dit is reg.

Is dit aan die voorkant van die gebou? -- 45 en 46 is aan die voorkant van die gebou. Foto 44 is aan die agterkant van die gebou.

Het u binnekant ondersoek ingestel om uit te vind wat het hierdie gaatjies in die ruite veroorsaak? -- (10
Binnekant was daar weer, in sommige vertrekke, teen die muur van die pleister af, asof 'n koeël daar binnegedring het, ook in die plafon van sommige van die vertrekke.

So, u het aan die binnekant van die vertrekke dan ook tekens gekry dat daar koeëls deur die ruite is? -- Dit is reg.

Aan die agterkant van die gebou, dit wil sê aan die suidekant, hoeveel merke het u daar gevind wat u bo twyfel kon vasstel deur koeëls veroorsaak is? -- As ek dit nie mis het nie, was dit twaalf gewees. (20

Het u spesifiek gesoek vir merke deur koeëls veroorsaak? -- Merke deur koeëls veroorsaak. As U Edele na foto nr. 55 kyk, sal u opmerk dat daar in die ruite nege beskadigings is. Ek het hulle egter nie al nege gereken as koeëlbeskadigings nie, omdat daar binne-in die vertrek net twee tekens was dat twee koeëls die vertrek binnegedring het.

HOF : En toe reken u hulle as twee? -- As twee.

MNR. JANSEN : Kyk Foto 52. Daar is ook twee beskadigings aan die ruite. Het u dit gereken as koeëlmerke of nie? (30
-- As deur die skok moontlik deur 'n handgranaat veroorsaak.

Is daar op foto 52 merke wat, volgens u, onmiskenbaar deur 'n koeël veroorsaak is? -- Daar is twee merke wat volgens my deur koeëls veroorsaak is in die muur self.

Is dit duidelik te onderskei van merke veroorsaak deur skrapnel byvoorbeeld? -- Ja. U sal sien daar is sulke dowwe merke tussen hierdie twee koeëlmerke op die muur wat 'n aanduiding van skrapnelmerke is.

En u sê u het sulke spesifieke merke, twaalf aan die agterkant, die suidekant van die gebou gekry? -- Dit is reg. (10

Aan die garage? -- Aan die garage was daar vyf gate in die sinkdeure en een bokant die deur in die pleister.

Was daar enige twyfel dat hierdie gate veroorsaak is deur koeëls? -- Dit was soos deur koeëls veroorsaak.

Aan die westekant van die gebou, dit wil sê aan die kant soos verskyn op 38? -- Aan die westekant van die gebou was daar vier beskadigings gewees.

As u nou sê beskadigings, beskadigings deur wat veroorsaak? -- Soos deur koeëls veroorsaak. U kan op foto 57 twee van die merke sien. Een op die muur en (20 skuins bo net langs die glas in die raampie wat die glas vashou is daar ook 'n gaatjie.

HOF : Is dit hier waar u na verwys, hier is so 'n kol. Dit lyk amper soos 'n inkkolletjie. Is dit die een merk? -- Reg langs die glas.

Ja, dit is nou een. Waar is die ander een? -- Die ander een sit net langs hom teen die muur. Dit is die groot inkkol.

Ek sê die een is langs die inkkol en die ander een is in die middel van die raam na links? -- Dit is reg. (30

MNR. JANSEN : Terwyl ons daar is, op foto 58 verskyn die

vyf gate in die deur, die garagedeur? -- Dit is reg.

Dit skep die indruk dat vier van die gate reg op die deur afgevuur is en die onderste gat uit 'n skuins hoek gevuur is.

HOF : Is dit die vyf gate? -- Dit is die vyf gate.

MNR. JANSEN : Aan die sel? -- Aan die sel was die beskadi-
ging hoog op die kant van die ingang tot die selle gewees
teen die pleister.

Dit is nou aan die voorkant? -- Die voorkant.

Hoeveel? -- Net een.

(10

HOF : Kan u dit iewers sien op 'n foto of aandui waar u dit
gekry het? -- As u na kyk na foto 63 op die hoek naaste
aan u ongeveer regoor die toilet se reservoir, op daardie
hoek na die ingang se kant toe, was die beskadiging gewees.
Ek kan dit op u foto merk.

Ek wil hê u moet net 'n kolletjie maak en ek sal daar
iets by skryf. Maak net daar 'n kolletjie en dan maak u
'n kringetjie om die kolletjie, of u kan maar 'n klein X'ie
daar maak met 'n kringetjie om.

MNR. JANSEN : Dan aan die agterkant van die sel? -- Was (20
daar tekens asof daar op drie verskillende plekke deur
koeëls skade aangerig was. Dit was hoog onder die dak
by die balke en die geut.

Dan het u ook getuig omtrent 'n gat in die watertenk?
-- Daar was 'n gat in die watertenk agter die poskantoor-
sentrale.

Dit is die watertenk F op foto 37? -- Dit is reg.

U het ook gepraat van 'n asbesomheining. -- Dit is
die asbeskonstruksie van die telefoonsentrale self, net
agter die polisieheining, het ook 'n gat ingehad soos (30
veroorsaak kon gewees het deur 'n koeël.

So, hierdie wat u nou genoem het, sê u al hierdie merke was veroorsaak, volgens u mening, deur koeëls? -- Dit is reg.

HOF : En hoeveel was hulle in totaal? -- In totaal, as ons hulle bymekaar tel, agt-en-veertig.

MNR. JANSSEN : Ek tel nege-en-veertig. Een-en-twintig voor, twaalf agter? -- Dit is reg.

Ses by die garage? -- Dit is reg. Ek het die een bokant die garagedeur uitgelaat.

So, dit is nege-en-veertig? -- Dit is nege-en-veertig. (10

Kan u uitsluit dat hierdie merke veroorsaak is deur skrapnel van 'n handgranaat? -- Volgens my waarneming kan ek dit uitsluit.

U het ook die toneel gefynkam op seek na patroon-doppies? -- Dit is reg.

En hoeveel het u gevind in totaal? -- In totaal op die perseel self was daar vyf-en-twintig plus ses, dit is een-en-dertig en op 'n ander punt bymekaar drie-en-twintig en wes van die polisiestasie twee doppies in die straat. Dit gee ons 'n totaal van ses-en-vyftig. (20

HOF : U het net gesê 'n ander punt. Wat is hierdie ander punt? -- Die ander punt is by punt S op foto 37.

En hierdie wes van die polisiestasie, is daardie punt gemerk op die foto of nie? -- Die twee wat in die straat opgetel is, is nie aangetoon nie.

Kan u daardie punt op foto 37 of 38 aantoon? Kyk, wes is aan die regterkant op foto 37 en wes is na die kyker se kant toe op 38, as ek dit reg verstaan? -- Dit is na my kant toe op foto 38.

Dit is reg, dit is waar die man staan? -- Dit is reg. (30
Hy kyk oos? -- Op watter foto het u wat hy oos kyk?

As u nou na 38 kyk, dan kyk u oos. Wes is op u rug?
-- Dit is reg.

Kan u dit daar miskien vir ons aandui? -- Die twee
doppies is op die kant van die teerpad, maar nog op die
teer, ongeveer reg tussen punt ... (Hof kom tussenbei)

Sal u dit net merk met 'n X'ie en 'n sirkeltjie daar
om.

I hope you do not mind me clearing this up at this
stage, Mr. Browde?

MR. BROWDE : Not at all. (10

KRUI SONDERVRAGING DEUR MNR. BROWDE : Kolonel, daar is een
antwoord van u wat ek nie goed kan verstaan nie. U sê u
kan uitsluit dat dit skrapnelmerke is wat hierdie nege-
en-veertig gate betref. Is dit so? -- Ja, dit is reg.

U sien, u gebruik woorde soos "die merk kon deur 'n
koeël veroorsaak gewees het." Het u dit nie gesê nie? --
Ek het so gesê.

Beteken dit nie dat u nie onder eed seker kan wees
dat dit wel 'n koeël is nie? -- Ek sal u verwys na enkele
van hierdie merke, soos op die voorkant van foto 42, (20
daar by die paal. Sien u hom?

HCF : Dit is eintlik hierdie kolom? -- Die kolom.

Pilaar? -- Pilaar. Daardie groot beskadiging daarso,
as 'n stuk skrapnel dit sou veroorsaak het, sou 'n mens dit
nie kon bepaal of dit skrapnel of 'n koeël is nie. Van
die ander beskadigings is dit duidelik dat dit wel deur
'n koeël veroorsaak gewees het, soos duidelik op foto 41
daar bo gesien, waar daar 'n indringing in die konstruksie
was, 'n ronde gaatjie wat hy gemaak het.

MNR. BROWDE : Ja, kyk, ek wil nie elke gat betwis nie. (30
Wat ek net wil weet is, hoekom gebruik u die woorde "Dit

... / kon

kon deur 'n koeël veroorsaak gewees het"? Wat beteken dit? Beteken dit dat u seker is dat dit wel 'n koeël was of dit mag 'n koeël gewees het? Dit is wat my vraag is. -- Ek verstaan u vraag. Daar is enkele van dié merke, ek kan hulle miskien probeer tel hier op die foto's, wat ook moontlik skrapnel kon gewees het.

Sal u vir ons wys watter merke dit is? -- Ek sal vir u probeer uitwys.

Nee, byvoorbeeld - sal u begin met die gat in die watertenk. Dit is in verband met daardie gat wat u (10 daardie woorde gebruik het "Dit kon deur 'n koeël veroorsaak gewees het". -- Daardie gat is nie deur skrapnel veroorsaak nie. Ek het my miskien daar verspreek.

Het u 'n foto van daardie gat? -- Nie 'n naby foto nie.

Het die watertenk gelek? -- Die watertenk het gelek.

Ek is jammer, ek het u in die rede geval. Gaan aan nou met watter merke moontlik deur skrapnel veroorsaak was? -- Die een op die pilaar op foto 42.

Ja? -- Die een op die kant van die gebou langs die venster op foto 44. (20

Terwyl ons op daardie bladsy is. Wat van die drie merke op foto 43? Wat is dit wat u so seker maak dat dit koeëlmerke is? -- U kan sien dit is in 'n ronde vorm wat die pleister afgespring het met 'n gaatjie in die middel.

Hoekom kon dit nie 'n ronde stuk skrapnel gewees het nie? -- Skrapnel maak nie so 'n merk nie.

Hoekom sê u dit? Eksel self het baie skrapnelmerke gesien wat net soos daardie lyk. Het u nooit skrapnelmerke gesien wat rond is met 'n gat in die middel nie? -- Ek het nog nie sulke skrapnelmerke gesien nie. (30

Waar het u skrapnelmerke gesien? Wat is u ondervinding

van skrapnelmerke? -- Ek het al een of twee keer daarmee te doen gehad vooraf en skrapnel het 'n neiging om teen 'n hoek weg te trek van die ontploffing af.

Dit hang natuurlik af waar is die ontploffing in vergelyking met waar u die gat in die muur vind, nie waar nie? -- Dit is reg.

In elk geval, gaan aan, asseblief? Op 43, sien u die venster net bo die drie merke wat u sê koeëlmerke is? Daar is 'n ruit wat stukkend is. -- Ek sien die merk.

Wat het dit veroorsaak? -- Dit was 'n koeël. (10

Hoekom sê u dit? -- Die venster is gebars met 'n pertinente ronde gat in die plek waar die barste begin.

Ek weet nie hoe u dit kan sien nie. Ek kan dit nie sien nie. In elk geval, dit lyk vir my asof daardie een - het u dit getel as 'n koeëlmerk? -- Dit is reg. Ek het hom getel as 'n koeëlmerk.

Was daar net een merk in daardie ruit? -- Ek kan net een merk in daardie ruit waarneem op die foto.

En u sê dit is 'n ronde merk soos veroorsaak deur 'n koeël? -- Dit is reg. (20

Ek kan dit nie sien nie. En op die bord wat daar staan? Die glas is ook stukkend daar. Sien u dit? -- Ek sien die glas is stukkend.

Wat het dit veroorsaak, in u opinie? Ook 'n koeël? -- Op die rand van die bord was daar 'n ronde gat in die hout-raamwerk wat volgens my mening deur 'n koeël veroorsaak is.

Het u dit ook by u aantal koeëls getel? Waar sien u dit op die foto? -- Op die foto is dit nie duidelik sigbaar.

Maar is dit sigbaar? -- Nie op die foto nie. (30

Het u notas gemaak van wat u daar gevind het? -- Ek

... / het

het net die beskadigings getel wat volgens my mening deur koeëls veroorsaak is en daarvan 'n nota gemaak.

Het u die notas saamgebring? -- Ek het nie meer die notas nie.

Dan sou u nie 'n nota gemaak het van waar die koeëlmerke was nie. Dit sou nie gehelp het om jou notas te hou nie, want u sou nie neergeskryf het net presies waar die koeëls was nie, maar net hoeveel dit was? -- Hoeveel en hulle laat fotografeer waar hulle beskadig was.

Het u laat fotografeer waar hierdie raam van die - (10 op foto 43, beskadig was? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek kan geen verduideliking daarvoor gee nie.

Ek is jammer, Kolonel, ek verstaan dit nie. U sê u het 'n fotograaf gevra om al die plekke ... -- Om al die beskadigings van verskillende hoeke af te fotografeer.

Ek vra, het u hom gevra waar die raam beskadig was, te fotografeer? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek het hom nie spesifiek daarvoor gevra nie. Ek het nie gedink dit is van belang nie. (20

En die glas - ek weet nie wat dit in Afrikaans is nie, daardie bord, dit is ook beskadig, nie waar nie? Dit is gebreek? -- Na watterfoto verwys u?

43? -- Ek het netnou gesê daar was op die kant van die bord in die hout 'n ronde gaatjie soos deur 'n koeël veroorsaak.

Watter kant? -- Op die linkerkantste hoek, onder waar u sien waar die glas gebars is, net op die kant.

Sal u miskien 'n merk maak waar dit kon gewees het?

HOF : Net voor hy 'n merk maak. Ek wil weer net iets (30 opklaar, want as hy 'n merk maak, gaan hy miskien nou dit

... / wat

wat ek sien, met die merk bederf. You might obliterate wat I see. It looks like a drawing-pin.

Kolonel, daar is 'n wit kolletjie, het dit iets te doen met die merk? -- Dit het.

Wat is dit? -- Dit is 'n gaatjie wat volgens my deur 'n koeël veroorsaak is.

Is dit die punt wat u na verwys? -- Dit is reg.

MNR. BROWDE : Miskien kan u kyk na foto 42. U sê dit is 'n koeëlmerk? -- Dit is reg.

Hoe kan u so seker wees dat dit 'n koeëlmerk is en (10 nie 'n stuk skrapnel nie? -- Die presiese rondheid van die gat wat in die hout is.

Ek stel dit aan u dat 'n hoë velositeit koeël sal meer skade veroorsaak as daardie klein punt wat Sy Edele nou beskryf het wat soos 'n "drawing-pin" lyk. Ek stel dit aan u dat dit sou baie meer die raam beskadig het. -- Ek betwis dit.

Kyk na foto 42. Ons sien nou wat u sê is 'n koeëlmerk op die pilaar, nie waar nie? -- Dit is reg.

En u sê dat daardie klein wit kolletjie wat ons (20 nou op die raam sien, ook 'n koeëlmerk is. Kan u seker wees? Dit is al wat ek vra. -- Ek is seker.

Gaan aan. Watter ander kon deur skrapnel veroorsaak gewees het? -- Dit is die enigste op die foto's.

Wat van 44? -- Ek het 44 reeds genoem dat dit moontlik skrapnel kon wees.

Het u miskien enige koeëlmerke in die aanklagkantoor gesien, binnekant? -- Binnekant in die klagtekantoor teen die pleister van die muur, was daar ook koeëlmerke gewees.

Was hulle gefotografeer? -- Nee. (30

Hoekom nie? -- Ek het dit nie van belang beskou nie.

... / Ek

Ek is jammer, maar dit kan ek nie verstaan nie. Ek weet nie van Sy Edele en die geleerde assessore nie, maar u beskou dit van belang om al die merke, orals waar daar beskadiging is, te laat fotografeer. Hoekom nie die mees belangrikste twee koeëls nie? Dit is die koeëls in hierdie saak, die koeëls binne-in die aanklagkantoor en u sê u het dit nie laat fotografeer nie. Hoekom nie? -- (Getuie talm om te antwoord)

Hoekom nie, Kolonel? -- Ek het geen verduideliking daarvoor nie. (10

Waar presies was hulle? Kan u onthou? -- Een merk was aan die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Mag ek net hierso sê dat ek het getuienis hierso dat foto's wat reeds ingehandig is - ek kyk nou na 48, 49 en 50 is almal foto's van beskadiging binne-in die gebou.

MNR. BROWDE : Binne-in die gebou, maar nie binne-in die aanklagkantoor nie.

HOF : 50 is beskadiging stasiebevelvoerder se kantoor.

MNR. BROWDE : Ja, maar nie binne-in die aanklagkantoor nie. (20

HOF : Wat u oor vra is, beskadiging nie binne-in die gebou nie, maar net in die aanklagkantoor?

MNR. BROWDE : Dit is presies wat ek oor vra. My Lord, may I perhaps tell Your Lordship exactly ... (Court intervenes)

COURT : No, I do not want you. Why I mention this, is because I was not following your cross-examination and that is why I interrupted. No, you proceed. I do not want you to come and tell me why you put a question.

MNR. BROWDE : U sê daar is geen verduideliking nie? -- (30 Nee.

Collection Number: AD2021

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.